



Wêrelddag vir Hardop Lees 2021

Nuttige wenke oor hoe om die storie met voorskoolse kinders te deel

Vlieg, almal, vlieg! is geskik om hardop geles te word vir kinders van 6 jaar en ouer, maar dit beteken nie jonger kinders kan nie ook die storie geniet nie! Hier is 'n paar idees oor hoe om die storie met kinders van tussen 3 en 6 jaar te deel.

Vooraf

- ★ Lees die storie 'n paar maal 'n paar dae voordat u dit met kinders deel. Leer die storie goed genoeg ken dat u dit op u eie manier kan oorvertel.
- ★ Dink na oor maniere hoe om die storie lewe te gee.
 - Stel die storie op só 'n manier bekend dat dit die kinders se nuuskierigheid **prikkel**. **Skryf** byvoorbeeld 'n brief wat sê: **"Wie wil saam met my op 'n busrit gaan om vir Ouma te gaan kuier? Liefde, Afrika."** Los die brief op 'n plek waar die kinders dit sal kry en wanneer dit gebeur, **lees** dit vir hulle. Gebruik stoele om die "sitplekke" van die bus te maak.
 - Identifiseer dele van die storie wat die kinders kan ervaar, soos **om die bewegings in Josh se liedjie uit te voer**.
 - Watter gesigsuitdrukkings en gebare kan u gebruik terwyl u die storie vertel? Voorbeeld: **om soos Ouma by die bushalte te wuif** en te **glimlag**.
 - Versamel en/of maak van die voorwerpe wat in die storie genoem word sodat u dit kan wys terwyl u die storie vertel. Voorbeeld: **'n rugsak met papier daarin of 'n papiervliegtuig**. Of laai die storie se prentjies af by www.nalibali.org en druk dit.
- ★ Oefen om die storie te vertel.

Tydens

- ★ Stel die storie aan die kinders bekend en vertel dit dan.

Daarna

- ★ Vra vrae met oop antwoorde om die kinders aan te moedig om te dink en oor idees te praat wat met die storie verband hou, byvoorbeeld: **Sou jy eerder 'n bus of 'n vliegtuig wou wees? Waarom?**
- ★ Verbeel saam julle is iets wat vlieg. Sê wat jy is.
- ★ Nooi die kinders uit om:
 - buskaartjies te maak of prentjies oor die storie te **teken** met kryt, kokipenne, papier en skêr.
 - op die bus te **speel** wat julle gemaak het. (Hulle kan ook **spoggerig** vir die reis **aantrek!**)
 - tonele uit die storie te bou met speeldeeg of -klei.
 - vliegtuie of busse te bou met herwonne materiaal (soos karton, papierhanddoekrolle of bottelproppe), gom, skêr en verf.

Die heel belangrikste is om **pret te hê!**

Ontwikkel vir Nalibali deur
PRAESA www.praesa.org.za



T: +27 (21) 448 6000

E: info@nalibali.org

www.nalibali.org

www.nalibali.mobi

[nalibaliSA](https://www.facebook.com/nalibaliSA)

[@nalibaliSA](https://www.instagram.com/nalibaliSA)

[@nalibaliSA](https://www.instagram.com/nalibaliSA)

